

# Oorspronklike Liefde

## ‘n Bybelse Liefdesverhaal

Adrian Ebens

# Oorspronklike Liefde

*'n Bybelse liefdesverhaal*

deur Adrian Ebens

adrian@life-matters.org

maranathamedia.com

www.vadervanliefde.com

Gedruk deur:

MARANATHA MEDIA

Opgedateer Januarie 2019

# OORSPRONKLIKE LIEFDE

## 'N BYBELSE LIEFDESVERHAAL

## Inhoud

1. Oorspronklike liefde ........ 4

2. Geen skaamte ........ 9

3. Geskape na Sy Beeld – Die Goddelike Patroon ........ 14

4. Die towenares en haar vakleerling ........ 21

5. Die beloofde saad van Agape ........ 30

6. Die gewelddadige nageslag van Eros ........ 35

7. Die smart van God ........ 44

8. 'n Geseënde man ........ 50

## 1. Oorspronklike liefde

Tydens Jesus se bergpredikasie het Hy geraak aan ‘n paar sleutelareas waarmee die mens worstel. Een van die dinge wat Hy genoem het, is:

> Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. (28) Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Matt. 5:27,28

Vir enige Christenman kom dit voor asof hierdie woorde enige besef van geregtigheid, wat hy dalk kon besit het, vernietig. In hierdie woorde raak Jesus die kern van die mens se slawerny aan sonde, aan. Elke man wat opsoek is na ‘n rein hart, sal deur hierdie aankondiging op sy knieë gedryf word in sonde-besef en met ‘n diepe soeke na ‘n lewende Verlosser. Om Jesus te ken, is om te weet dat Hy nooit na ‘n vrou gekyk het met wellus in sy hart nie. Met die kennis van hierdie werklikheid, is ons tog hoopvol dat ons as gevalle mense in ons harte kan terugkeer na die werklike, oorspronklike, eerste liefde.

Wanneer ons dink aan die gebeurtenis toe Adam vir Eva die eerste keer gesien het, dink meeste mans dat Adam haar aanskou het met ’n waardering vir haar vroulike skoonheid, dalk met ‘n wolwefluit. Ongelukkig plaas hierdie perspektief die gebeurtenis binne die konteks van ‘n afvalllige hart. Party mans kan nie eens denkbeelde van die tuin van Eden oproep uit vrees dat hulle korrupte natuur sal oorneem. Om die liefde te verstaan wat Adam vir Eva gevoel het, moet ons net eenvoudig ons Bybel lees.

> En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou en bring haar na die mens.

> (23) Toe sê die mens: "Dit is nou uiteindelik been van my gebeente, en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Gen. 2:22-23

Let mooi op na die woorde van Adam toe hulle oë die eerste keer ontmoet: "Dit is nou uiteindelik been van my gebeente, en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Die basis van hierdie eerste liefde was nie dat Adam iemand gesien het wat vir hom beeldskoon was en vir wie hy graag wou besit nie. Hy het iemand gesien wat haar lewe in hom gevind het. Hy het iemand gesien wat haar oorsprong gehad het reg langs sy hart, en daarom het hy haar gekoester as sy eie tweede self. Paulus stel dit so:

> So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; (29) want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. (30) Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Eff. 5:28-30

Hier sien ons dat die manier waarop Adam aan Eva gesê het dat sy vlees van sy vlees is, en net so verklaar die tweede Adam aan die kerk, dat sy vlees van Sy vlees is. Hy het ons lief, nie omdat ons enigiets het om Hom te bied nie, maar omdat ons uit Hom voortgekom het. Wonderlike liefde!

As jy dan nou die storie van Genesis 2 deeglik ondersoek, sal jy sien dat Adam in die tuin geplaas is as heerser oor al die skepsels voordat die vrou uit sy rib geskape is. Toe sy uit hom voortgebring is, het hy alles wat hy gehad het aan haar gegee om rentmeester met hom te wees. Ons moet die vraag vra of hy dit gedoen het omdat hy iemand gesien het oor wie hy kon heers en wie hy kon besit? Wou hy haar koop met sy besittings? Nee, dit was nie die liefde wat Adam vir Eva in sy hart gehad het nie. Die liefde wat hy in sy hart gehad het, was God se liefde,

want God is liefde. Watter liefde is dit? Die Grieks vir hierdie liefde is *Agape*, ‘n onselfsugtige liefde, ‘n liefde wat nie afhanklik is van enige kwaliteite van die ontvanger nie. Die Griekse woord wat vandag baie maal aan liefde geheg word, is *Eros*, wat nooit in die Bybel onderskryf word nie. Eros is ‘n liefde vir dit wat pragtig, eerbaar en lieflik is. *Eros* is die begeerte om te besit en dit te geniet wat deur die oë en aptyt en die liggaam waargeneem word. Sien voorbeelde in Rigters 14:2, 3 en II Sam 11:2.

Toe Eva by Adam kom met die verbode vrug, het sy gekom met iets wat Adam nie van God ontvang het om vir haar te gee nie. Hierdie vrug was iets wat Eva besit het, maar wat Adam nie gehad het nie. Sy het by hom gekom met haar gedagtes gevul met nuwe idees, met ‘n totale nuwe manier van denke:

Satan het Eva aangespreek as een wat skoonheid in haarself gehad het. Hy het haar nie aangespreek as iemand wat alles ontvang het van Adam nie. Hy het haar net aangespreek as buitewoon pragtig, en dit het haar bekoor en gemaak dat sy die bron van haar skoonheid vergeet het. Die een wat na ‘n vrou kyk en haar skoonheid waarneem *sodat hy iets uit haar kan kry*, is een wat deur Satan geïnspireer is.

Daar was iets vreemds dog opwindends omtrent Eva toe sy by haar man kom in haar rebellie. Sy het ‘n nuwe gemoed gehad, ‘n nuwe opvatting van wie sy was, en haar ambisie, haar voor-op-die-wa houding, en selfvertroue het op ‘n manier ‘n aatrekkingskrag vir Adam ingehou. Dit was vreemd, dog prikkelend. Deur die vrugte by haar te neem, het hy nie net die wet van God verontagsaam nie; hy het ook ‘n nuwe wet vasgestel wat al sy seuns laat kyk het na die vrou om aan hulle iets te gee. Binne die hart van die man was die stempel geplaas dat die vrou die lewegewer is, dat sy die pad na die lewe besit. Op hierdie manier het die aanbidding van die heilige vroulikheid begin en die simbool van die man se nuutgevonde slawerny was die beeld van die naakte vroulike vorm. Hierdie is die beeld wat die meeste mans dra

as gevolg van die transaksie wat plaasgevind het in die tuin: Die man sien op na die vrou as die lewegewer eerder as die vrou wat opsien na die man as haar lewegewer. In hierdie transaksie het die man sy liefde verander van *Agape* na *Eros*. Dit het verander van 'n liefde wat gee sonder om vir homself iets te soek, na 'n liefde wat slegs aanklank vind by dit wat die eie ek plesier verskaf.

Die natuurlike gedagtegang mag moontlik dink dat hierdie nuwe liefde 'n trap hoër vir die vrou is, maar dit bind die vrou in slawerny. Om die man te gee wat sy oë begeer, om die man na haar toe aan te trek, moet sy iets besit om hom te bied. Die wêreld van mode en liggaamsaantreklikhede is gebore. Nou begeer die vrou om haar waarde aan die man ten toon te stel vanuit haar eie bronne. Onwetend verwerp sy haar erfporsie van die man en benader hom op haar eie voorwaardes. Die gevolg is 'n leë ondervinding vir beide man en vrou. Die man word gelaat met voordurende wellus en die vrou met 'n alewige onsekerheid.

Let mooi op dat die oorspronklike liefde wat Adam vir Eva gehad het, nooit gebasseer was op wat sy in haarself besit het nie. Dit was daarop gebasseer dat sy uit die man voortgekom het. Hy het alles wat hy gehad het aan haar gegee omdat sy uit hom voortgekom het. Dit is *Agape*, dit is die oorspronklike liefde.

Die enigste weg om onverdeelde *Apage* te verseker, is vir die ontvanger om te verseker dat hy niks in homself ronddra om die liefde wat hy ontvang op te wek nie. As die vrou iets binne haarself rondgedra het wat nie van die man afkomstig was nie, word *Eros* opgewek en moet die vrou noodwendig aanhou om voort te bring wat sy nie binne haarself besit nie en dit bring uiteindelik die dood. Let op die rede wat Adam verskaf het vir sy liefde aan Eva: Dit is nou uiteindelik been van my gebeente, en vlees van my vlees. Dit is die basis van eerste en oorspronklike liefde.

Net soos wat Adam se liefde vir Eva gebaseer was op die erfenis wat Eva van hom ontvang het, net so is die erfenis wat Christus van die Vader ontvang het, die basis van die Vader se *Agape* liefde vir Sy Seun. Die mens is immers gemaak na God se beeld. Die Vader stel dit omonwonde:

> En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde (Apapetos) Seun in wie Ek ‘n welbehae het. Matt. 3:17

Die enigste manier hoe die Vader *Agape* liefde vir sy Seun kan hê is omdat die Seun alles wat Hy besit van die Vader ontvang het. Dit is die enigste manier om welwillende liefde te verseker. As die Vader na die Seun kyk en in Hom iemand sien wat almagtig of alwetend is, is dit ’n vorm van *Eros* liefde. Omdat die Bybel ons leer dat die Vader die Seun alles geskenk het, openbaar dit dat Sy liefde reine *Agape* is en dit is die liefde wat God met ons deel. Ons kan liefhê met *Agape* omdat God eerste sy Seun liefgehad het met *Agape*.

> Ons het Hom lief (*Agape*), omdat Hy ons eerste liefgehad (*Agape*) het. 1 Joh. 4:19

As ons ’n God aanbid wat liefhet as gevolg van inherente bekwaamhede, sal ons dieselfde doen. Ons word wat ons aanskou. As ons die Seun aanbid, wat alles ontvang het van sy Vader en in die stille wete van welwillende *Agape* liefde rus, dan kan ons verander word na die beeld van hierdie liefde en kan ons liefhê soos wat God Sy Seun lief het.

Ons God is *Agape* en in Hom is daar hoegenaamd geen *Eros* nie.

## 2. Geen skaamte

Statistieke van menseverhoudings spreek vanself. In baie lande eindig meer as 50% van huwelike in egskeidings, wat ‘n duidelike aanduiding is dat hierdie mense nie gevind het waarna hulle gesoek het in die verhouding nie. Baie wat in ‘n huweliksverhouding staan, voel steeds eensaam en verlate, maar hulle bly binne die verhouding omdat hulle nie ‘n ander uitkoms sien nie, of nie kans sien om ‘n verandering te maak nie. Die golwe van teleurstelling, verwarring, frustrasie, woede en hartseer, wat voortvloei uit hierdie toksiese eksperimente van menslike intimiteit, kan opgesom word met die vraag uit ‘n lied wat in my tienerjare my aandag getrek het toe ek in die tagtigs groot geword het:

“What is love anyway?

Does anybody love anybody anyway?”

In die vorige hoofstuk het ons gekyk na die vraag “Wat is liefde?” deur die ondervinding van Adam en Eva te ondersoek. Wat was Adam se reaksie toe hy Eva vir die eerste keer gesien het? Ons onthou dat Adam gesê het, “Dit is nou uiteindelik been van my gebeente, en vlees van my vlees.” Hy het haar liefgekry, nie omdat sy enigiets gehad het nie, maar omdat sy uit hom uit voortgekom het. Sy het die vermoeë gehad om hom te ken, om sy drome, sy vreugdes, sy ambisies te deel en ‘n maat vir hom te wees wat die lewensreis met hom kon deel. Die reinheid, onskuld en vryheid van hierdie liefde kan opgesom word met hierdie woorde:

> En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie. Gen. 2:25

Die woord “geskaam” in die Hebreeus dra die volgende betekenis:

- Om teleurgesteld te wees

- Om vertraag te wees of laat te kom, sodat ‘n verwagting onvervuld is
- Om oorbluf of verwar te wees
- Om droog te word, wat impliseer dat dit eensaam en verlate (woestynagtig) word

Wat Adam en Eva ondervind het, was alles wat ons as mense begeer, maar wat ons byna nooit bekom. Die pad van vreugde, vryheid, vervulling, onskuld en intimiteit na teleurstelling, verwarring, en verlatenheid is gebaan deur die transaksie om die vrugte te neem en te eet, iets wat nie hulle s’n was om te neem en te eet nie. Hierdie transaksie het ons val van *Agape* na *Eros* tot gevolg gehad het.

Ons moet deur hierdie Bybelverhaal soek en sif soos ‘n argeoloog, op soek na eeue-oue skatte, versigtig die sand van die tyd te verwyder, sodat die feite van die geskiedenis ontbloot word wat dan betekenisvol spreek tot ons bestaan. Hierdie liefde tussen Adam en Eva was betekenisvol ontwerp en ontwikkel deur God om hulle ewige geluk en intimiteit te verseker. Die oorsprong van ons eerste ouers hou die geheim van hierdie onbeskaamde liefde wat geen teleurstellings versteek nie. Let op die volgende:

- God het Adam gemaak en hom binne die tuin van Eden geplaas. Gen. 2:7
- God het Adam aangestel as rentmeester en heerser van die paradys. Gen. 2:8, 15
- God het opdrag gegee omtrent die boom van die lewe asook die boom van kennis. Gen. 2:16
- God het omstandighede geskep waarin Adam die behoefte ontwikkel het aan ‘n maat. Gen. 2:20
- God het ‘n diepe slaap op Adam laat val (die figuurlike betekenis van die Hebreeuse woord kan ook as dood vertaal word) Gen. 2:21

- God het die vrou uit die lewende rib van Adam geformeer. Gen. 2:22.


Die volgorde is van kardinale belang om die geheim van onbeskaamde liefde te ken. Daar was niks wat Eva besit het wat sy nie van God deur Adam ontvang het nie. Die enkele soewereiniteit en heerskappy wat Adam besit het is tot rus gebring en hy is opgewek tot ‘n nuwe lewe met ‘n maat wat vir hom uit sy sy geneem is. Toe Adam tot rus gebring is, was sy hart gevul met die begeerte om sy hart te open en het dit oorgeloop met liefde tot iemand wat hom kon verstaan. Toe hy wakker geword het, het hy iemand gesien aan wie hy alles kon gee wat hy van God ontvang het. Terwyl Adam van al hierdie dinge bewus was, het hy alles wat hy kon aan die vrou geskenk. Sy het sy rib gehad, sy DNA, sy hart, sy tuiste, sy tuin, alles. Sy was selfs bewus van die feit dat Adam moes slaap sodat hy ‘n deel van homself aan haar kon gee.[1] In reaksie sien die vrou alles wat haar gegee is en as sy kyk in die oë van haar man, is haar hart gevul met dankbaarheid, vreugde en geluk. Die vrou leef elke oomblik met die wete dat alles wat sy het, sy van haar man ontvang het.

Hierdie transaksie tussen die man en die vrou kon onderhou word in ‘n ewige balans van liefde soos ‘n oorvloedige fontein en wat nooit beskaam nie. Die geheim, die sleutel, die kern, die spil, die hart van hierdie wonderlike vloei van liefde is gesetel in die eenvoudige feit om jou oorsprong te ken en te onthou hoe jy jou bestaan gevind het. Solank as wat Adam in gedagte gehou het dat hy in die tuin geplaas is as leier, as heerser om te beskerm, om ‘n getroue rentmeester te wees van alles wat aan hom gegee is, sou hy die seën kon plaas op alles waaroor hy aangestel is. Die vrou kan die ryklike seëninge ontvang van

---

[1] *Hierdie slaap van Adam word deur die eeue geëggo in die slaap van Abraham wat geboorte gegee het aan die nasie van Israel, en deur die slaap van Jesus in die graf, toe Hy geboorte gegee het aan sy kerk, asook wat dit die Vader gekos het toe Hy geboorte gegee het aan die heelal.*

haar man en opkyk na hom in liefdevolle respek, vreugdevolle onderdanigheid, en troue gehoorsaamheid. Op hierdie manier plaas sy haar vertroue in sy leierskap, en eer sy sy hoofskap, soos 'n vrou wat staan by 'n fontein van seëninge waaruit sy baie meer haal as voorheen uiteengesit.




Ons kan hierdie vloeiende liefde demonstreer deur die aksie van 'n twee suierklep enjin. Die eerste klep stel Adam voor. In sy vreugde om voorgestel te word aan 'n ware maat wat uit hom voortgekom het, ontbrand hy en stel 'n golf van seën vry wat die vreugdevolle brandstof vrystel in die tweede suierholte. Terselfdertyd word die krukas gedraai wat die tweede suier na bo trek, wat 'n liefdevolle reaksie ontlont sodat die eerste suier omdraai en daardie holte vul met vreugdevolle onderdangheid, eer en respek. Hierdie beweging vul die fontein wat die vier riviere aanvul vanuit die hartjie van die tuin, sodat die waters die hele aarde benat. Gen. 2:10-14. Wat 'n wonderlike ontwerp! Wat 'n wonderlike demonstrasie van die heelal se werking, want ons is na die beeld van God geskape. Gen. 1:27.

Ons moet onthou dat die vloei van hierdie ewige liefde afhanklik is daarvan dat elke persoon weet waar hy vandaan kom, asook dat hulle hul ware identiteit en plek binne die skepping van God ken. So lank as wat Adam in gedagte gehou het dat hy die hoof was van die tuin en dat dit alles onder sy sorg aan hom gegee is deur God, en steeds in ag gehou het dat dit alles aan God behoort, dan sou hy dit in stand gehou het wat aan hom toevertrou was. Hy sou aanhoudend sy seën gee aan alles onder sy toesig, want dit was sy plig, eer en vreugde om dit te doen. So lank as wat Eva onthou het dat haar lewe van Adam kom en dat alles wat sy aanskou en waaroor sy nou ook saam met Adam heers, aan haar gegee is deur haar man, deur die wil van God, dan sou sy die kring van liefde en seën voltooi het en beide van hulle sou nooit skaam hoef te wees.

# 3. Geskape na Sy Beeld – Die Goddelike Patroon

> En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, ... (27) En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. Gen 1:26,27

Deur ‘n noukeurige ondersoek van Genesis 1 en 2 het ons die verhouding ontdek tussen Adam en Eva, wat gefunksioneer het met ‘n ewigdurende vloei van *Agape* liefde. Die geheim van hierdie liefdes-enjin was dat elkeen in gedagte gehou het waar hy vandaan gekom het en wat hulle ontvang het. Die stroom van God se liefde was op Adam uitgegiet en van Adam oor Eva en in dankbaarheid keer dit weer terug na die Bron waarvandaan dit kom.

Die Bybel leer ons dat hierdie eerste menseverhouding ‘n patroon of afbeelding was van die beeld van God en sy Seun na wie se beeld ons geskape is. Wat kan ons nog leer van hierdie beeld?

> Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. 1 Kor. 8:6

Die Vader word beskryf as Een “*uit wie* alles is” – die bron van alle lewe en seëninge. Die Seun word beskryf as Een “*deur wie* alles is” – die kanaal van alle lewe en seëninge. Die onderskeiding tussen “*uit wie*” en “*deur wie*” is noodsaaklikvir die *agape* liefdes-enjin om gedurig in beweging te bly. Hoe so? Deur die Seun se erkenning van die Vader as die Een “*uit wie* alles is” plaas dit die Seun in ‘n posisie van waardering van alles wat die Vader Hom gegee het. As die Vader die Seun sien as iemand wat uit Homself (uit die Vader) voortgekom het, verlang die Vader om seën uit te stort op sy Seun en om aan Hom alle dinge te skenk, want dit is die natuur en hart van die Vader se agape – om te

gee. Hierdie liefdes-enjin sal aanhoudend ‘n fontein van seën laat vloei, solank die Vader en Seun hul identiteite “*uit wie*” en “*deur wie*” behou.

Die vloeiende aard van hierdie fontein van seëninge word verduidelik deur die volgende woorde:

> Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus. 1 Kor. 11:3

Net soos God die Vader die hoof is van Christus, so is die man die hoof van die vrou. Hierdie is ‘n belangrike begrip binne die betekenis om na die beeld van God geskape te wees. Die verwysing na die *hoof* is direk verbind aan hoe Genesis die terme toepas in die tuin van Eden.

> En daar het ‘n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword. Gen. 2:10

Die Goddelike Patroon beskryf die hoof as die bron van seën omdat ons hemelse Vader die bron van alle seëninge is. Al hierdie seëninge vloei na die Seun, en Christus word die hoof oor die man met die doel om seën uit te stort. Die man ontvang hierdie seën en as hoof stel dit hom in staat om die seën uit te stort oor sy vrou. Aan wie gee die vrou haar dankbaarheid? Sy gee uitdrukking van haar dankbaarheid aan almal wat deel vorm van die kanaal van seën wat oor haar uitgestort word; aan God, aan die Seun en aan haar man. Die sleutel om die vloei van seëninge oop te hou, is om te weet wie jou *hoof* is. Wie is die “*uit wie*” wat oor jou aangestel is, aan wie jy jou dankbaarheid gee? Dit word nou duidelik dat die hele stelsel afhang daarvan om die onderskeid te ken tussen wie is ‘n “*uit wie*” vir jou en wie is ’n “*deur wie*” van jou.

Wanneer die Bybel noukeurig ondersoek word sal jy die goddelike patroon van hoofskap en onderdanigheid op verskeie plekke vind:

| Bron – Van Wie | Kanaal – Deur Wie | Teksverwyings |
|---|---|---|
| Vader | Seun | 1 Kor 8:6; 1 Kor 11:3; Heb 1:1-3 |
| Man | Vrou | Gen 3:16; 1 Kor 11:3; Ef 5:25; 1 Pet 3:1 |
| Vader | Moeder | Ex 20:12; Ef 6:1; Kol 3:20 |
| Moeder | Kinders | 1 Tim 2:15 |
| Christus | Man | 1 Kor 11:3 |
| Christus | Kerk | Ef 5:25 |
| Ouderlinge/Leraars | Kudde | 1 Pet 5:2; 1 Tess 5:12, 13 |
| Koning/Heerser | Onderdane/inwoners | Rom 13:1-3; I Pet 2:13, 14 |
| Bybel | Leraar/Ouderling | 2 Tim 4:2; 1 Pet 5:2 |

Hoe beter hierdie goddelike toonbeeld verstaan word, hoe meer seëninge kan vloei na ons en ons gesinne. Indien ons byvoorbeeld ons vader en moeder eer, word ons ‘n lang lewe gegun. Indien ons in liefde dié eer wat oor ons aangestel is, word ons geseën deur hul prediking uit die Woord en aansporing tot ‘n goddelike lewe.

Behalwe die direkte seën van vreugde, geluk en gemeenskap/kameraadskap wat na ons vloei deur hierdie goddelike patroon is daar ook die seën van beskerming wat ons ontvang deur hierdie kanaal. In elke voorbeeld is die een “*Deur Wie*” hierdie dinge vloei, onder die beskerming en gesag van die een “V*an Wie*” die dinge vloei. Ons kyk byvoorbeeld na die beskerming wat ‘n kind geniet:

1. Die kind word deur die moeder beskerm,
2. Wie beskerm word deur haar man
3. Wie beskerm word deur die Polisie
4. Wat beskerm word deur die regering,

5. Wat deur God aangestel is.

Ons neem die geestelike toepassing hiervan in beskouing:

1. Die vader word aangemaan deur die ouderlinge en/of leraar,
2. Wie onderdanig is aan die Woord van God,
3. Wat geskryf is deur die profete,
4. Wat was en gegee word deur Christus,
5. Wie dit van die Vader ontvang het.

Hoe meer ons beweeg binne die raamwerk van die goddelike patroon, hoe meer ontvang ons beskerming, seën, vrede en vreugde. Ons kan hierdie "seënstelsel" ook illustreer deur 'n reusagtige besproeiingstelsel waardeur die Gees van God deur die heelal vloei. Elke gesin beklee 'n herleierspos waardeur die seën afvloei en dankbaarheid terugvloei. Elke gemeenskap, kerk en nasie vorm deel van die liefdes-enjin wat verseker dat elke persoon binne die stelsel gevul is met die *Agape* van die Vader.

Natuurlik is dit onverstandig om voor te stel dat die Vader en die Seun sou vergeet Wie Hulle is. Die bron van hierdie fontein sal nooit ophou vloei nie. Die Bybel verseker ons:

> Want Ek, die HERE, het nie verander nie. Mal. 3:6
>
> Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Hebr. 13:8

Die Vader en die Seun sal nooit verander nie. Die fontein van lewe wat vloei van God se troon sal nooit ophou vloei nie. Nogtans weet ons dat daar 'n verstopping in die kanaal is. Die toetrede van sonde was die toetrede van 'n denkproses wat probeer om die wet van die Goddelike Patroon te verander. Die oorsprong van hierdie wetteloosheid was in Lucifer self wat weggedwaal het van die *Agape* van God na die *Eros*

van self. Die Bybel vertel ons hoe Satan probeer het om die goddelike patroon te verander:

> Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jes. 14:12-14

In hierdie verse sien ons 'n wese wat nie onder die beskerming en sorg van die goddelike patroon wil val nie, maar wat eerder begeer om te word soos (of homself gelyk te stel aan) die Allerhoogste. Satan verwerp die waarheid dat hy alles ontvang het wat hy het, en in stede daarvan wil hy dieselfde posisie as God beklee. Aanvanklik wou Satan homself gelykstel met die Seun, die Een wat direk bo hom aangestel was, sodat hy nie nodig gehad het om onder die gesag van die Seun te val en deur die Seun aan die Vader te rapporteer nie. Die Vader is, volgens die goddelike patroon, beweeg om sy Seun te beskerm en te verdedig en het aan die heelal Sy verhouding met die Seun verklaar. Christus het nie Homself verdedig of vir Homself gepraat nie; dit was gedoen deur die Vader. Satan het die opdrag om die Seun te aanbid en te eer, verag en het begeer om homself gelyk te stel met die Allerhoogste.

Dit was Satan se begeerte om homself met die Allerhoogste gelyk te stel, wat geboorte aan die leuen gegee het, wat aan ons eerste ouers vertel is: "julle sal gewis nie sterwe nie" en "julle sal soos God wees." Lucifer is geskape om 'n ligdraer te wees. God het hom meer gegee as enige ander geskape wese. (Eseg. 28:14). Lucifer het alles aanskou wat hom gegee was en eienaardig genoeg, het hy nie in gedagte gehou dat dit aan hom gegee was nie. Lucifer het alles ontvang van die Seun, wat hom gemaak het deur die wil van die Vader. Indien hy aangehou het

om na die Seun op te sien in waardering en self die model van die Seun na te volg, wat leef in liefdevolle onderwerping, gehoorsaamheid en waardering aan sy Vader, sou Satan nooit afvallig geraak het van die Goddelike Patroon nie. Die oorsprong van sonde is om te vergeet van jou identiteit as iemand wat alles ontvang het uit die hand van die Seun, deur die wil van God die Vader.

As ons verward raak in enige vorm omtrent die "*van wie*" en "*deur wie*" verhouding van die Vader en die Seun, word die Goddelike Patroon afgebreek in ons gedagtes en hou ons op om deel te vorm van die kanaal van seën.

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Kor 3:18

As geskape weses word ons van nature gevorm na die beeld van wat ons dink is Goddelik. Hoe ons God verstaan, is wat ons uiteindelik sal word. Satan het aan die mens die idee bekend gestel wat ons laat dink dat ons soos God kan word, dalk nie in karakter nie, maar wel in krag, kennis en lewe. Die sekuriteit van *Agape* lê in die wete dat die Seun van God alles wat Hy het van Sy Vader ontvang het. Enige idee wat maak dat die Seun onafhanklike karaktereienskappe het wat die Vader op enige manier aantrek, vernietig die waarheid dat God altyd slegs *Agape* is. Indien dit verstaan word dat God aangetrek word deur iets wat inherent magtig is, dan is God inherent *Eros*, dus 'n liefhebber van wat pragtig, magtig, majestueus en groots is.

Wanneer ons verstaan dat die Seun van God alles ontvang het en dat daar niks inherent in die Seun was wat veroorsaak het dat die Vader Hom gelyk aan Homself gestel het, dan kan ons seker wees dat die beginsel van *Agape* nie uit ons gedagtes sal vervaag nie. Kennis van die

identiteit van die Seun van God is die geheim tot die voortbestaan van die fontein en kanaal van *Agape*. Jesus verseker ons:

> Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Joh. 14:6
>
> Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Joh. 5:12

Die geheim van ‘n man en vrou om binne die *agape* liefdes-enjin te beweeg, is om die Vader te eer as ons “*van wie*” God en die Seun as ons “*deur wie*” Here. (I Kor. 8:6). As ons hierdie goddelike patroon in gedagte hou, sal ons verander word na die beeld van Hulle verhouding, binne ons menslike sfeer, net soos wat God in die begin aangedui het dat ons na die beeld van God gemaak is.

Dit sal wonderlik wees om te dink dat, waar ons op die huidige oomblik in die stroom van die mens se geskiedenis staan, ons eenvoudig kan kies om volgens hierdie goddelike patroon te leef, maar dit is ongelukkig nie moontlik nie, in ag genome hoe ernstig die val van die mens was. Die belofte van die slang aan Eva, dat ons gewis nie sal sterwe nie en soos God sal wees, het sy verskriklike nagevolge gehad.

## 4. Die towenares en haar vakleerling

Ons het in die vorige hoofstuk die oorspronklike liefde in die tuin van Eden ondersoek. Ons het in die persoon van Adam en Eva ‘n enjin van ewigdurende liefde gevind wat ontwerp was om uit te vloei na die beloofde bevolking van die wêreld. Die seëninge wat sou uitvloei vanaf Adam na Eva en die terugkerende waardering vanaf Eva na Adam sou ‘n konstante brandstoftoevoer besorg het aan die twee lede. Geanker aan hulle oorsprong van hoofskap en onderdanigheid sou dit ‘n konstante herinnering wees dat alles wat hulle besit het deur God se *Apage* liefde aan hulle geskenk was.

Presies hoe lank hulle binne hierdie vloei van liefde gelewe het in die pragtige tuin weet ons nie, maar ons weet wel dat hartseer gebeurtenisse daartoe gelei het wat hierdie enjin ongelukkig tot stilstand gebring het. Graag wil ons hierdie gebeure ondersoek hoe oorspronklike liefde verpletter en vervang is met die gevalle liefde wat ons ken as *Eros*.

Vir een of ander rede het Eva haarself in die omtrek van die verbode boom bevind, besig om die betekenis van God se verbod teen die eet van sy vrug, te oordink. ‘n Intelligente stem afkomstig van die slang, het haar gedagtegang onderbreek en beide haar nuuskierigheid en haar kommer gewek, sodat sy vasgenael was.

> ...En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? Gen. 3:1

Eva was duidelik bewus daarvan dat God alles aan Adam geskenk het en dat sy al hierdie dinge kon besit deur Adam. Die vraag omtrent ‘n direkte opdrag van God was ‘n poging om twyfel in die vrou se gedagtes te saai omtrent die waarheid. Die gedagte om God se woorde in twyfel te trek was totaal nuut vir haar. Elke oomblik wat sy in gesprek met die slang gebly het, het haar verder getrek vanaf haar

posisie binne die skepping van God. Die versoeking om God te verdedig was ‘n uitnodiging om buite die kanaal van seën te beweeg. Die vraag was ‘n uitnodiging om die situasie self te hanteer en dit het veroorsaak dat sy vergeet het dat sy glad nie behoort te praat met ‘n buitestaander sonder die beskerming van haar man nie. Die hele situasie moes duidelik vir haar ‘n plek gewees het waarvandaan sy net moes wegstap sonder om ‘n woord te sê.

Ons kry die idee dat Eva nie heeltemal op haar gemak was met die slang nie. Dit is baie keer die geval wanneer ons vrees ervaar of onder druk verkeer, dat ons ons stellings oordryf, asof dit ekstra beheer gee om te verhoed dat die voorgestelde idees ons gedagtes binnedring.

> En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Gen. 3:2

Wat het God in werklikheid aan haar man gesê wat hy aan haar oorgedra het?

> maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Gen. 2:17

God het gesê as jy daarvan eet gaan jy sterwe en in haar angs voeg Eva by dat as hulle die vrugte sou aanroer, hulle sou sterwe. Dit was Satan se goue geleentheid om toe te slaan. Deur die vrug in Eva se hande te plaas, is sy gekonfronteer met die skynbare bewys dat, deur die vrug aan te raak, sy nie gesterwe het nie. Uit haar eie mond het die getuienis gekom wat Satan nodig gehad het om skynbaar te bewys dat God ‘n leuenaar was.

Haar selfvertroue dat sy die situasie kon hanteer sonder die bystand van haar bepaalde beskermer, het haar gebring by ‘n plek waar dit vir haar gelyk het of God nie die waarheid gepraat het nie. Haar begeerte om God te verdedig het die weg gebaan vir Satan om haar sover te bring om God te wantrou. ‘n Baie sluwe vyand! Sulke verleidelike argumente!

Eva het nie geweet dat sy met die gees van ‘n duiwel gekommunikeer het nie. Nie net enige duiwel se gees nie, maar die vader van hulle almal! Ons kan wel argumenteer dat die vrou nie geweet het wat besig was om met haar te gebeur nie, maar sy het genoeg kennis gehad om te weet sy behoort nie met selfvertroue op te tree nie, maar behoort liewer te hardloop na die arms van haar man van wie sy alles ontvang het en wie deur God aangestel was as haar geestelike beskermer en skild.

Nadat die Satan die vrou gekonfronteer het met oënskynlike onweerlegbare bewys dat God nie betroubaar is nie, slaan hy sy dodelike slag teen *Agape* sodat hy *Eros* in beheer kan stel:

> Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Gen.3:4-5

Die stelling “julle sal gewis nie sterwe nie” saai die saad van die dodelike giftige dwaalleer dat ons lewe nie van God afhanklik is nie, maar dat dit iets is wat ons natuurlik besit. Voeg hierby die idee dat ek dinge kan bekom uit die natuurlike wêreld; om my lewe, my krag, myself te verbeter en ons kry die ellendige versinsel wat ons totaal afsny van ons Skepper. Hierdie leuen, indien gekoester, sou die natuurlike gewaarwording van waardering vernietig wat die vrou teenoor die man voel omdat sy uit hom voortgekom en haar lewe van hom ontvang het. Tweedens, sy sou nie meer die nodigheid voel vir waardering vir die natuurlike wêreld rondom haar wat aan haar gegee

is nie, omdat sy deur haar eie “waagmoed” en poging self iets gevind het wat haar sou verhef na haar eie ware identiteit as ‘n godin. Dit was nie langer nodig om haar te onderwerp aan die goedkeuring van “manlike dominansie en beheer” nie. Sy het ‘n ander weg na God gevind en daardie weg was deur haarself. Hierdie weg was ‘n eenvoudige erkenning van haar inherente goddelikheid wat aan haar openbaar is deur die wysheid van die “weldadige” slang.

Die woorde van die slang het sy inslag gevind. omdat sy skielik waarde kon sien in die vrug.

> Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. Gen. 3:6

Die saad van die slang het veroorsaak dat die vrou die boom beskou het as iets wat inherent goed was, ‘n lus vir die oog. Sy was aangetrokke tot die innerlike kwaliteite van die boom wat sy gereken het haar meer waarde sou gee. Deur die vrugte daarvan te eet, het sy haar besluit verseël om die nuwe begrip van werklikheid te aanvaar, wat die teenoorgestelde was van wat God gesê het.

Ingeval ons dalk gemis het wat hier plaasgevind het, kom ons gaan net weer versigtig hierdeur. Eva het met ‘n duiwel se gees gepraat. Nadat sy die vrug geëet het en besluit het om sy woord te aanvaar, het sy hom genooi om beheer te neem van haar gedagtes. Daarom was sy duiwelbesete toe sy Adam genader het. Nog erger, sy het die draer van die boodskap van die duiwel se gees geword, wat beloftes ingehou het van wonderbaarlike kragte wat hulle soos God sou maak. Dit het ons eerste moeder ‘n towenares gemaak.

Toe die vrou van die boom weggaan, was sy onder die invloed van Satan. Sy nader Adam nie as die onderdanige vrou nie, maar as ‘n

onderwyseres van ‘n nuwe godsdiens. Terwyl Adam voor Eva staan, sien ons die voorloper van menige man deur die eeue voor vroulike orakels staan, soos Delphi en ander, wie aan hom kennis van sy toekoms belowe het. Terwyl Adam sy vrou aanskou wat been van sy been en vlees van sy vlees was kom hy in kontak met ‘n gees wat hom nie meer langer erken as haar heerser en weldoener nie. Sy het ‘n ander sielsgenoot gevind, ‘n ander onderwyser wie haar alles beloof het wat haar hart begeer, sonder om aan enigiemand onderdanig te wees. Sy het nie gekom om onderrig te word nie, maar om te onderrig, nie om onderdanig te wees nie, maar om onderdanigheid te eis. Hierdie vroulike gees wat deur die kragte van die duisternis beheer word, was die Satan se verleidende medium om Adam te oortuig om sy vakleerling te word.

Dit was nie die gees van dankbare waardering wat oorbeweeg het vanaf Eva na die gedagtes van Adam nie. Dit was ‘n vreemde gees – ‘n rustelose, ontvlambare gees, ’n erotiese en bedwelmende gees, ‘n verloklike en bedrieglike gees. Terwyl hy na haar kyk, stuur sy aan hom visuele seine en fermoon dat hy haar geval en sy gebruik haar liggaam as ‘n trekpleister om Adam in slawerny te bring van haar nuutgevonde “goddelike vorm.” Adam hoor die roep van hierdie towenares wat haarself as sy liefdevolle vrou voorstel, maar hy is onbewus daarvan dat sy besete is deur die gees van ‘n vampier wat sy bloed soek om daarop fees te vier en uit hierdie as ‘n feniks te voorskyn te bring in die vorm van Nimrod. Dit sou beter gewees het as Adam onthou het:

> Want die gebod is ‘n lamp en die onderwysing ‘n lig en die teregwysinge van die tug ‘n weg tot die lewe, (24) om jou te bewaar vir ‘n slegte vrou, vir die gevlei van ‘n vreemde tong. (25) Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie. Spr. 6:23-25

Adam veg teen die slang deur die meduim van die towenares. Lucifer gebruik sy towerkragte deur Eva om Adam aan te trek na die nuwe godsdiens. In haar hand belowe sy lewe, maar diep in sy hart weet Adam dat hierdie die dood is.

> Om jou te red van die vreemde vrou, van die ontugtige wat met haar woorde vlei (17) (wat die vriend van haar jeug verlaat, en die verbond van haar God vergeet; (18) want haar huis sink weg na die dood en haar paaie na die skimme. Spr. 2:16

Adam besef nie dat sy vrou reeds dood was nie. Die pragtige, onderdanige, gehoorsame vrou wie se hart vol waardering was teenoor God deur haar man, het gesterf by die boom van kennis. As ‘n seun van hierdie vrou, ween ek vir haar, my arme liewe moeder, vermoor by die boom van kennis en vervang met ‘n gees so boos soos die hel self. Meer as dit, hierdie lieflike onderdanige gees wat in die hart van Eva vertoef het was die gees van Christus. Deur van die verbode vrug te eet, het sy Christus aan die kruis genael en daarom het Hy die Lam geword wat geslag is sedert die grondlegging van die wêreld.

Het Adam vergeefs gehoop dat hy, deur van die verbode vrug te eet, dalk ook hierdie donker wêreld kan betree om sy arme vrou te red? Het hy dalk ook braaf genoeg gevoel om die duiwel aan te pak en hom te wen? Wanneer ek dink aan ons vader Adam en die trauma wat hy in die gesig gestaar het, reik my hart uit na hom in hartseer. Ek wil na hom uitroep, “Asseblief, vader, moenie sondig teen ons *Agape* Vader nie!” My uitroep bereik hom nie en hy neem en eet die vrug.

Die nuwe wêreld orde was gevestig. Adam sou die slaaf van die vrou word. Sy sou die onderwyseres wees en hy sou die student of vakleerling wees. Daar is egter ‘n deel van die man wat na die vrou sou kyk om aan hom lewe te gee, nogtans, nadat hy die vrug geneem het, het hy ook die gevoel van vasberadenheid beleef om nooit deur


enigiemand beheer te word nie. Hulle is beide nou gevange in die stryd tussen die manlike en vroulike geslag vir die reg om te geniet én te beheer. Terwyl ons glo dat die ander iets van innerlike mag besit, word die lewe ‘n geveg om die voorwerpe wat ons begeer, te besit en te beheer.

Die reinheid en die onskuld van die oorspronklike liefdes-enjin waardeur slegs seën vloei van die hoof en waardering van die onderdanige, is vervang met ‘n spel van gemeenskaplike aantrekking en afstoting. Hierdie was ‘n nuwe wêreld wat veronderstel dat teenoorgesteldes mekaar aantrek. Die nuwe godsdiens leer dat elke siel natuurlike onsterflikheid besit en dat ons ons inherente vermoë kan verhoog deur met ‘n ander onsterflike te verenig. Die geheim van hierdie nuwe erotiese vorm van liefde is om ‘n maat te vind wat jou as persoon sal verhef, maar nooit toe te laat dat jy gedomineer word nie. Die nuwe ondervinding van manlike en vroulike intimiteit is een van verleiding, gemeng met omsigtige manipulasie; ‘n proses waartydens jy jou liggaam ontbloot en jou gees verberg. Die pragtige ondervinding van heilige liefde met ewigdurende vloei van waardering en respek, is vervang met ‘n growwe nuwe werklikheid van heen en weer, onderlinge aantrekking en afstoting; tydelike plesiere wat plek laat vir gevoelens van leegheid, selfs walging.[2] Hierdie nuwe hart is altyd op soek na iets, maar word nooit versadig nie. Die nuwe beweging van mans en vrouens is nie ‘n sirkel van liefde wat die Gees van Christus oor die wêreld versprei nie, maar liewer ‘n magnetiese suier wat alles in sy weg verteer soos ‘n sombere swart gat. Die genie van die *Agape* enjin is dat beide partye weet dat alles wat hulle besit aan hulle gegee is en omdat God *Agape* is sal Hy ons alles gee wat ons nodig het.

---

[2] Sien byvoorbeeld 2 Sam 13:10-15. Amnon verkrag sy suster in wellus en daarna haat hy haar.

Daarenteen, sal die Eros enjin soek en vir homself in besit neem en daarom nooit tevrede gestel word nie.




Dit is 'n redelike skok om te dink aan Eva as 'n duiwelbesete towenares. Dit was ook so vir Adam toe hy na haar gekyk en gevoel het dat iemand so pragtig en delikaat soos sy tog nie so sleg kan wees as wat sy voorgestel het nie. Mense ag vandag wat Eva gedoen het van minder belang. Daar is geen twyfel dat Eva mislei was en nie verstaan het wat met haar gebeur het nie, maar dit het Satan se misbruik van haar net meer dodelik gemaak om Adam tot 'n val te bring. Beteken dit dat mens Eva kan blameer vir die sondeval? Sekerlik nie, die lotsbestemming van die mens was primêr in Adam se hande en hy het die noodlottige besluit geneem as hoof van die menslike familie. Hoofskap beteken dat Adam verantwoordelik was vir die val van die menseras, maar om die twispunte tussen mans en vrouens ten volle te begryp, het ons nodig om te probeer verstaan wat gebeur het aan die begin en hoe ons geval het van daardie oorspronklike liefde.

Die Bybel leer "…'n dubbelhartige man is onbestendig in al sy weë." Die man is dubbelhartig omdat hy voel dat hy beide heerser en slaaf is van die vrou. Hy soek by haar kosbare skatte en verwag van haar om te verskaf wat hy nodig het, en terselfdertyd wil hy haar domineer en beheer. Hierdie dubbelhartigheid veroorsaak dat die man nie die plan van God sien om hom terug te bring na Agape wat hom die begeerte gee om sy vrou te seën en te hoop op haar respek en eer vir sy leierskap nie. As priesteres van die nuwe godsdiens wil die vrou die man laat terugstaan om haar voetsoldaat te word en terselfdertyd voel sy versot op en bevrees vir sy krag en strydagtige geaardheid.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat twee wesens, wat terselftertyd probeer om van mekaar te ontvang en om mekaar te oorheers, selfvernietigend is. Die beginsels van verbruik en oorheersing het geen vermoë om die ewigheid te inkorporeer nie, want hulle is inherent vernietigend. Sonder die bekendstelling van 'n nuwe saad, sou die gevalle menslike ondervinding, met sy *Eros* enjin van gemeenskaplike aantrekking en afstoting in die tuin geëindig het. Alhoewel die Gees van Christus verstoot is deur die sondeval, het die belofte van Sy dood as die saad van die vrou die deur geopen sodat 'n oorblyfsel van Adam teruggewin kan word na die koningkryk van *Agape*.

## 5. Die beloofde saad van Agape

Ek vind dit verstommend wanneer ek nadink oor die migrasie van voëls soos die Kanadese gans, wat instinktief vlieg vanaf die Arktiese sirkel na die suidelike state van die VSA om die bittere koue van die Arktiese winter te vermy. Ons hemelse Vader plaas binne die gans die vermoë om te navigeer oor duisende kilometers met verstommende akkuraatheid om die spesie te laat oorleef. Wat sal gebeur wanneer hierdie spesie se sin vir rigting hom na die Arktiese pool neem? Hoe vernietigend sal dit nie wees nie! Binne ‘n kort tydjie sal die hele bevolking uitgeroei wees.

Dit is hartseer om te dink dat dit is wat gebeur het met die menslike ras toe ons eerste ouers die slang se leuen aanvaar het en geglo het dat die mens van nature lewe besit. In stede daarvan dat hulle harte van nature na God keer in waardering en liefde, het hulle ‘n natuurlike begeerte ontwikkel om op te klim na die uithoeke van die noorde en hulle gelyk te stel aan die Allerhoogste. (Sien Jes 14:12-14). Die leuen dat hulle soos God sal wees, het hulle sin vir rigting heeltemal verander en het die menslike ras in die rigting van die noorde gestuur, in plaas van na die veiligheid in die suide.

Die eens pragtige twee-suier enjin van Apape het onder nuwe beheer gekom. Hierdie kragte het die enjin verander van ‘n fontein van goedheid, geduld en waardering na ‘n stinkende riool wat ‘n stortvloed van selfsugtigheid, oorheersing, bedrog, leuens en haat voortbring, net om self te behaag.

‘n Giftige saad was in die gemoed van Eva geplaas, en daarna was sy op ‘n bedrieglike wyse gebruik deur Satan om die saad in die verstand van Adam te plaas. Toe die saad eers ontkiem het in die heilige hartskamers van Adam se verstand, is die bloudruk van die Agape enjin vernietig. Die wette van erflating wat ontwerp is om die Agape enjin te herproduseer in die gemoedere van die kinders van Adam, word nou

vervang met ‘n bloudruk van die Eros enjin wat veroorsaak dat die hart noord vlieg en self gode wil word, in plaas daarvan om suid te vlieg in nederige aanbidding van die ware God, die Gewer van alle lewe en seën.

Die klein giftige saadjie het homself diep in die hartjie van die menslike verstand geplant. Dit was nie vir God moontlik om Adam net eenvoudig weer aan die slaap te sit en en die saad te verwyder nie. Dit was nie ‘n meganiese probleem nie, maar eerder ‘n geestelike probleem. Daar was vir God net een manier om by hierdie saad uit te kom en dit te vernietig. Daar was net een manier vir God om toegang te kry tot die verstand van die mens sodat Hy die Agape enjin kon herstel. Ons lees van hierdie plan in Gen.3:15, 16. God praat met Satan en sê:

> En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. (16) Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers. Gen. 3:15-16

Dit was ‘n gewaagde plan met groot risikos. ‘n Kind sou gebore word, ‘n afstammeling van Adam en Eva, wat die duiwel op sy eie gebied die stryd sou aansê en wat die saad van *Eros* diep in die hart van die mens sou vernietig. In daardie stryd sal Satan Hom aan die haaksteen byt, maar Hy sal Satan uiteindelik vernietig en ‘n uitkoms bied vir die menslike familie. Die belofte van die saad is oorgedra van geslag tot geslag en elke keer is die belofte herhaal. Aan Abraham is belowe dat die saad deur sy nageslag sou voortkom en dat al die geslagte van die aarde deur hom geseën sou wees. (Gen. 12:1–3). Paulus praat van hierdie belofte in die Nuwe Testament:

> Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. Gal. 3:16

Die saad wat sou kom, is Christus. Hy sou van die hemel kom met Sy Agape enjin en gebore word in die menslike ras met sy Eros enjin. Die stryd sou hewig wees, omdat die saad van die slang die saad van die vrou sou probeer doodmaak, om hom te keer om die Eros enjin in die mens te vernietig. So fel was hierdie stryd, dat, toe Christus die vesting van die Eros koninkryk in die hart van die mens genader het, Hy hierdie woorde uitgeroep het na sy Vader:

> En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. Matt. 26:39

Jesaja profeteer van hierdie stryd wat sou kom:

> Soos baie hulle oor U verstom het—so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie. Jes. 52:14

In hierdie verstandelike stryd teen Satan is die Seun van God tot die gevegsfront toegelaat, deur een van die menslike familie te word. Hy sou 'n natuur aanneem wat die giftige saad bevat, sodat Hy dit kan vernietig. Deur die beginsels van die Agape liefde, sou die Seun van God 'n weg baan in die verstand van die mens wat veroorsaak dat ons die giftige saad sal haat en ons in vyandskap stel daarteen. Omdat die versekering gegee is dat Christus van Adam sou afstam, kon God met sekerheid die vyandskap stel teen Satan se saad binne die harte van Adam en Eva.

Sedert Christus gekom het en deur Sy lewe van 'n totale aanslag teen die Eros enjin die nou pad uitgekap het, kon Hy die giftige saad na die graf neem en dit vernietig.

> maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Heb. 2:9

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel... Heb. 2:14

Omdat Christus die slang se saad vernietig het, kon Hy vir ons hoop gee op die nou pad wat Hy vir ons bewandel het. Indien ons in Sy voetstappe volg kan ons ook hierdie giftige saad weerstaan, want ons erf Sy saad deur geloof in Hom as ons tweede Adam. (1 Kor 15:45). Weereens kon die kosbare fontein van Agape liefde vloei in die harte van mense. Wat 'n wonderlike plan en wat 'n wonderbare liefde dat God sy Seun vir so 'n gevaarlike onderneming sou gee, sodat ons die kans gegun kan word om binne die stroom van die Agape te leef wat vloei uit die troon van God.

Om terug te kom na Genesis 3:15: God het die pynvlakke van die vrou verhoog tydens geboorte. Dit simboliseer die pyn van die stryd tussen die twee sade. Die Eros enjin van Adam sou werklik oorgedra word in sy kinders en die pyn van die geboorte wys op die stryd tussen die saad van die vrou en die saad van die slang. Elke kind sou 'n hoeveelheid lig ontvang van Christus om aan hulle 'n haat te gee vir die saad van die slang. Aangesien die slang se saad nou die nuwe vertrekpunt is, sal dit alles in sy vermoë doen om die nuwe saad van Christus te vernietig. Elke kindergeboorte is 'n herinnering aan die stryd van Christus om die saad van die slang te oorwin, en die stryd van die mens om gebore te

word in die koninkryk van lig. So sien ons in elke kindergeboorte die waarheid:

> want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Gal. 5:17

Die laaste deel van Genesis 3:16 gee ons 'n verduideliking van die herstel wat sou plaasvind deur die saad van die vrou. Die natuurlike reaksie op hierdie stelling is negatief, maar hierdie negatiewe reaksie is doodeenvoudig deel van die gevolge van die Eros denkrigting wat ons almal ontvang het:

> "…na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers."

Aan die Towenares, haar dogters en haar ongelukkige vakleerlinge is dit 'n stelling wat beveg moet word ten alle koste. Aan dié wat die nou pad bewandel, soos deur Christus uitgelê, is hierdie stelling 'n wonderlike belofte van die Agape enjin wat herstel word in die man en vrou se verhouding. Die begeerte na haar man is 'n oproep tot Agape liefde wat erken dat alles aan haar gegee is deur hom. Die heerskappy van haar man oor haar is 'n herinnering dat die vrou voortgekom het vanuit haar man en dat sy toegang het tot sy liefde en beskerming. Begeerte en heerskappy is die twee suiers wat die belofte van Agape lewer, wat ons terugtrek na die beeld van die soete fontein wat vloei uit die troon van God. Hierdie begeerte wat uit die hart van die vrou kom, is juis die gees van Christus, wie se begeerte na sy Vader is, as die Een wat Hom alles geskenk het. Hierdie begeerte bring die korrekte navigasiestelsel in werking sodat ons suid migreer na die voete van die Lewegewer en wat Hom alleen volmag gee om te heers vanuit die noorde. Genesis 3:16 lewer die belofte van die Goddelike Patroon se herstel.

## 6. Die gewelddadige nageslag van Eros

Satan het geen tyd gemors om die beloofde saad te oorwin deur die Eros enjin te laat werk en dit het ‘n vloedgolf van geweld en verwoesting vrygestel.

> Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was. Gen. 6:5

Kom ons stap terug op ons voetspore om te sien hoe vinnig die beginsels van Eros, vasgevang in die woorde van die slang, kon lei tot ‘n reiniging van die hele wêreld deur water.

Ons onthou dat toe Eva by Adam gekom het terwyl sy die verbode vrug vashou, was sy deur Satan beheer en het sy opgedaag as ‘n boodskapper. Deur Eva te gebruik het Satan gepoog om Adam in sy Eros koninkryk in te trek. Sy het probeer om hom na haar kant toe oor te haal en het hom haar vakleerling gemaak. Sedert sy die nuwe koninkryk betree het, het sy Adam gesien as ‘n krag wat haar kon ondersteun, wat haar kon bystaan wat ook al gebeur. Sy poog om hom aan te trek met haar skoonheid en hou die dodelike vrug voor as ‘n skat waardig om deur hom besit te word. Hierdie vrug het die belofte gedra van ‘n nuwe wêreld waar hy meester van sy eie heelal was. As boodskapper, was Eva die poort tot hierdie nuwe bestaan. Die aanvanklike opwinding wat die vrug ingehou het, met die avontuur na die verbode, het gou plek gemaak vir leegheid en onvervulde verwagtinge. Dit was die naaktheid en skaamte wat hulle nooit voorheen geken het nie. Adam se teleurstelling is aangevoel deur Eva en sy is ook teleurgesteld dat haar man nie vervulling smaak nie en ook nie dankbaar is nie, maar eerder afsydig en selfs geïrriteerd.

Let op dat hierdie proses van belofte wat tot teleurstellings lei, oor en oor afspeel in man-en-vrou-verhoudings. Die poort van die naakte

vroulike vorm beloof aan die man opwinding en die wêreld van sy drome.[3] Hierdie diepgewortelde begeerte om die vrou te besit en te geniet is die natuurlike uitbreiding van Adam se begeerte om die vrug van die boom van kennis te besit en te geniet. Onthou dat die leuen van die slang inherente krag beloof het. Nou kyk Adam nie meer na Eva as iemand wat uit homself voortgekom het nie, maar hy sien haar as 'n krag deur wie hy sy eie goddelikheid tot stand kan bring. Om die vrou aan te trek na hom, vertoon hy sy kragte om haar te beïndruk. Dit is die proses van wedersydse aantrekking.

Die vrou kan natuurlik nie die goddelike ondervinding voorsien nie. Die vlugtige gevoelens van die oomblik verdamp gou en die man is steeds sterflik en selfs minder bevredig as voorheen. Vir die meeste mans word hierdie 'n jammerlike kringloop. Diep in sy psige hou die naakte vroulike vorm 'n belofte van lewe, goddelikheid en dan veroorsaak die gevolglike mislukking om ewige resultate te verskaf, gevoelens van leegheid en baiemaal frustrasie. Die bui verander en die man word meer veeleisend en hy verwag dat die vrou presteer om hom die ondervinding te gee wat sal hou. Die vrou se onvermoë om haar man te vervul, maak dat sy of in doodse wanhoop verval, of in woede reageer, met walging oor die man se gedurige[4] toenadering en obsessie met seks. Hierdie wedersydse afkeer beëindig die siklus. Baie van die stryd in die slaapkamer vind sy oorsprong direk van die vrug in die tuin en die beloofde goddelikheid in die verleidelike naakte vrou.

[3] Die feit is voorgeskryf in baie heidense godsdienste en is gepopulariseer in die fiktiewe verhaal The Da Vinci Code.

[4] In Hebreeus Tamid (Strongs H8548) Sien Jes 52:5 – "my Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster"

Die siklus van Eros is as volg:

1. Aantrekking
2. Verwagting
3. Besitting
4. Teleurstelling
5. Afkeer

Die hart van Eros denke is die geloof dat die eienaarskap van wat pragtig, lieflik en heerlik lyk, sal bied waarna ons soek. Dit is gedoem tot mislukking en vernietiging want die verhaal van die oorspronklike liefde wys dat ons nooit geskape is hiervoor nie, en ons besit ook niks binne onsself wat so iets met 'n voortdurende vervulling kan voortbring nie.

Ons sien hoe die resultate van die Eros kringloop uitbrei vanaf die boom in die geskiedenis van manlike en vroulike verhoudings.

> toe sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Gen. 6:2

As jy mooi kyk na die teksvers sien jy 'n parallel met die gebeurtenisse van Eva en die vrug.

| Eros Proses | Gen 3:6-10<br>Die oorsprong van Eros | Gen 6:2-5<br>Erfenis van Eros gemanifesteer in huweliksverhoudings |
|---|---|---|
| 1. Aantrekking (vidi) | …toe **SIEN** die vrou… (H7200)* | Toe **SIEN** die seuns van God (H7200) |
| 2. Verwagtings (Veni) | Dat die boom **GOED** (H2896) was om van te eet | Dat die dogters van die mense **MOOI** (H2896) was |
| 3. Besitting (Vici)‡ | En sy **NEEM** (H3947) van die vrugte en eet | En hulle het viri hulle vroue **GENEEM** (H3947) almal wat hulle verkies het |
| 4. Teleurstelling | (7) En hulle word gewaar dat hulle naak is | (4) … kinders gebaar … wat geweldiges is**#** |
| 5. Afkeer | (8) het hulle verberg vir die aangesig van die Here<br>(10) die vrou wat U my gegee het | (5)… dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was |

***** Nommers in hakies in vanuit Strongs Konkordansie

**‡** Aanpassing van Julius Caeser's se grootpratery: "I came, I saw, I conquered." Http://en.wikipedia.org/wiki/Veni,vidi,vici. In Eva se geval het sy die vrugte *gesien*, en in afwagting het sy vorentoe *gekom* om dit te *besit*.

**#** Manifestasies van gewelddadige kinders dui op huwelikskonflik en onrus.

Die volgorde van die woorde *sien*, *goed*, en *neem* in Gen 3:6 is dieselfde woorde vir *sien*, *mooi* en *geneem* in Gen 6:2. Om ‘n mooi ding te sien en dit te neem omdat jy dit begeer, is die grondbeginsel van Eros. Die seuns van God was verlei net soos hul eerste moeder. Hulle sien die vrou is goed vir vleeslike voedsel, en hulle neem, besit en verslind dit. Elke keer as ‘n man ‘n vrou begeer, staan hy by die boom en neem hy van die vrug van die slang. Elke keer as ‘n man ‘n vrou begeer, word hy verlei deur die leuen dat die vrou die vermoë het om aan hom lewe te gee en om sy posisie in hierdie natuurlike wêreld te versterk.

Dit is voor die hand liggend dat hierdie mooi vroue nie net by die huis gesit het en die Here vertrou het om “haar te bring na die man.” Hulle het elke kurwe vertoon wat hulle kon gebruik om die man te beïnvloed om hulle te neem. Elke keer as die vrou in die spieël kyk en haarself afvra “het ek die mooi gesiggie, sal ek koppe laat draai met hierdie klere?” staan sy in der waarheid by die boom, besig om die vrug te neem by die slang. Elke keer as die vrou probeer aantrek om mans se aandag te trek, sodat hulle haar skoonheid kan opmerk, sal sy sekerlik die bitter vrug van Eros pluk.

Hierdie spel van flirtasie tussen mans en vroue waarin hulle na mekaar kyk met die begeerte om iets van die ander te ontvang, versterk die natuurlike Eros kringloop met sy aantrekking, leegheid en afkeer.

Die negatiewe emosies wat opbou tussen die man en die vrou word die saad van die volgende geslag. In plaas daarvan om groot te word met die kennis dat alles wat hulle besit van hul ouers kom, en daarna streef om hul ouers te eer en om hulle te eerbiedig, soek hulle eerder vleeslike kos en neem dit en dan speel die hele proses homself weer af deurdat hulle soek na ‘n godheid deur die poort van die naakte vroulike vorm. Die Bybel sê iets beduidends omtrent die kinders van sulke verhoudings:

> In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die **geweldiges** uit die ou tyd, die manne van naam. Gen. 6:4

Die woord "geweldiges" beteken kragtig, vegter, tiran. Die kinders van dié wat vroue gekies het omdat hulle mooi was om te aanskou, het die toneel in die tuin weer teruggespeel en herhaal, en het hulle verhouding op Eros beginsels geskoei; hulle soek dit wat behaag en wat die self verhef. Binne 'n paar geslagte het hierdie beginsels die aarde verander in 'n plek van geweld en verdorwenheid. Die oordenkings van hul hart was altyddeur net boos.

Ten spyte daarvan dat die gees van Christus aan die mens beskikbaar was, het hulle 'n ander weg gekies. Toe hulle 'n vrou gekies het omdat sy *mooi* was, het hulle bewys dat hul harte gevul was met Eros en nie Agape nie. Dit bewys dat die gees van Christus verwerp was. Hierdie mans het nie erken dat "dit is been van my gebeente en vlees van my vlees" nie. Hulle het eerder met 'n wolwefluit na haar vroulike skoonheid gekyk. Wanneer vrouens poog om mooi te lyk sodat hulle mans se aandag kan trek, verkies hulle ook Eros in plaas van Agape. Hulle verwerp ook die gees van Christus. Enige verhouding wat gebou is op hierdie fondasie sal nie die toets van die tyd weerstaan nie. Slegte vrugte sal altyd die resultaat wees.

Hoe nou gemaak indien ek deur hierdie proses in die huwelik getree het en erken dat fisiese aangetrokkenheid sentraal gestaan het in die verhouding wat ontstaan het? Aanskou die Seun van God en sien dat Hy geliefd en gekoesterd is omdat Hy uit God uitgegaan het (Joh 17:8). Soos wat ons Hom aanskou *soos Hy is*, kan ons verander word na sy beeld en leer om lief te hê met Agape liefde. Baie van ons lewe al vir dekades met valse konsepte en soek dinge by ons maats. Hierdie gedagtes word nie stil binne oomblikke nie. Die sleutel tot verandering

is om te weet wie die Seun van God is. Hy is die hoeksteen van Agape, want aan Hom is alle dinge gegee. Soos ons dag vir dag Hom en Sy sagte onderdanige gees aanskou, wat altyd rus in die Vader se sorg, sal ons soos Hy word. En hoe meer ons Hom aanskou hoe meer sal ons verlang om soos Hy te word en bid dat Sy gees binne ons heers. Soos wat ons die koste besef wat Hy gewillig was om te betaal om aan ons die Agape gees terug te gee, sal ons met dankbaarheid vervul word. Indien ons begin agterkom dat die Vader gewillig was om die Seun te gee vir hierdie doel, sal ons harte die waarheid van Agape ondervind. 1 Joh 4:8-10.

Hoe nou gemaak indien ek in ‘n verhouding is wat verkeerd begin het en ek nog steeds nie in die huwelik getree het nie? Ons sal in latere hoofstukke in meer besonderhede hierna kyk, maar die kort antwoord is om die Seun van God te aanskou en jou begeerte te bely om te wil hê en in besit te neem vir jouself. Jou eie begeertes lei net tot leegheid, hartseer en potensiële geweld.

Op hierdie punt sal party dalk dink “Sê jy dat mens nie die seksuele verhouding kan geniet nie?” Dit staan vas dat God die gawe van die seksuele gegee het om binne sy eie raamwerk te geniet. Die vraag onder bespreking is die motivering agter die genot en die simboliek in die harte van mans en vrouens. Wat ons hier gesien het, is dat die seksuele ontmoetings gebasseer op persoonlike ambisie en begeerte sal vrug dra wat bitterheid laat in die siel.

Die saad van Eros, geplant binne die harte van mans en vroue, was nie beperk tot hulle verhoudings nie. Dit het die natuurlike proses geword, wanneer ook al iemand die teenwoordigheid van ‘n ander krag ervaar het. En natuurlik het alles ‘n krag geword in die nuwe Eros koninkryk. Die ondervinding om die vrug van die boom te eet het alles in die natuurlike wêreld verander in ‘n potensiële krag tot selfverheffing. Dinge wat deur ander besit word, het ‘n aantreklike skat geword. Die eggenoot van iemand anders kon maklik die bron van ‘n

aantrekkingskrag word. Dit het alles van nature gebeur in die wêreld van Eros. Die enigste vraag was of ek dit kan bekom deur direkte dwang of deur subtiele manipulasie. Dit is wat die gedagtegang van die mens gedurigdeur boos gemaak het. Eerder as om die geskape wêreld te sien as ‘n geskenk van die Vader en die Seun, word alles ‘n skat wat in besit geneem moet word sodat ons goddelik kan word.

Ongelukkig, omdat Eros afhanklik is van wat gesien word, het die onsienlike God wat hulle gemaak het, uit hulle gedagtes weggekwyn. Waar God ook al gewerk het, moes sigbaar word in die natuurlike wêreld vir die oë om te kan sien. Sedert die mens verval het onder die invloed van Satan, is hulle natuurlike benadering tot God op dieselfde vlak as hulle begeerte na God. Hulle begeerte was natuurlik om doodeenvoudig soos God te wees in al sy mag en heerlikheid. (Jes 14:12-14). Binne die Eros koninkryk is die verkryging en besitting van die mag wat God alleen besit een van die mens se grootste obsessies. Die proses om die guns van God te bekom met die doel om Sy goddelike mag te bekom, het die hart van alle mensgemaakte godsdienste geword. Om die ware God te ken is nie meer ter sake nie. Die enigste ding wat saak gemaak het was die mag soos verstaan word in die natuurlike wêreld. Dit het gelei tot die aanbidding van allerhande dinge in hul soeke na wat hulle as Goddelik gereken het.

> Omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. (22) Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword (23) en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van ‘n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Rom. 1:21-23

Deur ‘n kombinasie van die vrug van die boom en die vroulike boodskapper, het die mens godsdienstige stelsels ontwikkel wat die

natuurlike wêreld aanbid, veral die vroulike beginsel. Vir baie het die seksuele ondervinding die poort tot goddelikheid geword. So het mans nie net in hul wellus vir vroue ontbrand nie, maar ook vir ander mans en ander skepsels; enigiets wat as magtig beskou is. Dit was alles ‘n natuurlike uitvloeisel van die Eros beginsel. Die proses van gebed tot God het die eenvoudige beginsel van versoeke geword met die doel om te besit.

> Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? (2) Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. (3) Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. (4) Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld (Eros) vyandskap teen God (Agape)[5] is nie? Wie dan ‘n vriend van die wêreld (Eros) wil wees, word ‘n vyand van God (Agape). Jak. 4:1 – 4.

Hierdie soeke na mag deur die natuurlike wêreld en die verdraaiing van die kennis van die ware God, het geweld en verdorwenheid gestook wat aanleiding gegee het tot die vernietiging van die ou wêreld deur water. Hulle het verdrink in ‘n vloed van Eros. Hoe sou die saad van die vrou reageer op hierdie tragedie?

---

[5] Die wêreld bepaal die heersende beginsel van Eros om vir homself te soek, in teenstelling met God wat gee, want dit is in Sy natuur om te gee.

## 7. Die smart van God

> ...het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. Gen. 6:6

Elke oomblik in tyd vloei daar ‘n magtige stroom van lieflike genade en mag van die troon van God, wat lewe gee aan die aarde. Die majestueuse heuwels, oordek met bome, blomme en plante van verskillende kleure en geure skets ‘n lewendige agtergrond vir die tuiste van die mense. Heerlike vrugte en groente; om nie te praat van die duisende verskillende geure en lekkernye op hulle tafels nie. Miljoene harte klop met die pols van lewe wat vloei vanaf die Een wat onsterflikheid besit. Dit is ‘n vreugde vir God om te kan gee en tog, sedert die sondeval van die mens is daar geen antwoord in erkentlikheid, geen hartlike dank nie. Selfs vir die wat regkry om ‘n dankgebed te offer vir die kos op die tafel, is die woorde ‘n vroom ritueel wat die spreker en hoorders moet oorreed dat hulle wel dankbaar is terwyl hulle eintlik net gekom het om te sien, om te neem en om te besit.

Hulle noem dit kleuteruitbarstings, of “terrible two’s.” Die pyn en skok wat die ouers moet verdra as hul kosbare klein bondeltjie vreugde die eerste keer sy gesiggie optrek en NEE! sê. Watter uittarting, watter dwaasheid wat opgesluit is in die hart van ‘n kind! ‘n Moeder doen inkopies met haar peuter en die kleintjie sien iets wat hy begeer en instinktief reik die handjie uit om dit in besit te neem. Die saad van Eros dra sy giftige vrug. Die moeder stap verby in die hoop dat die begeerte sal verdwyn. ‘n Wanhopige gehuil laat die drama in alle erns begin. Die twee se wil is nou in ‘n geveg betrokke. Die kind reik uit met die hande en trek items van die rak af omdat sy aandrang steeds voortgaan. Die moeder het die keuse om iets aan te bied om die kind te paai, of om die toenemende drama van ‘n geskreeu te verdra, ‘n

gesnik en elke moontlike taktiek waarvan daar bewus is, om te kry wat hy wil hê. Intussen word elke ouerlike opdrag teengestaan. Dit is rou menslike natuur. Vir die meerderheid van die menslike ras, sal ouderdom ons slegs leer om meer vernuftig en berekend te wees in die manifestasie van ons begeerte om te sien, te neem en te besit.

Kleuteruitbarstings is maar net die voorloper van die meer chaotiese tienerjare wanneer die gevegsfront baie meer ingewikkeld word, maar die teenstand bly dieselfde. In sommige gevalle gaan die ouers totaal gebuk onder droefheid. Die herinneringe aan hulle kosbare klein bondeltjie vreugde wat hulle gekoester en versorg het, beteken ewe skielik bitter min en instede word daardie herinnering na die ouers teruggeslinger en as taktiek van intimidasie gebruik. Die gevolglike hartseer dryf baie ouers tot die stryd met ‘n vasberadenheid om hierdie opposisie te verpletter. Moeders pleit baie maal by vaders om berou te toon vir hulle woedebuie in reaksie op herhaalde tarting, ondankbaarheid en disrespek wat deur tieners getoon word. Sommige ouers koop vir hulle tieners meer en meer besittings in ‘n poging om die tiener se opsetlike optrede te paai, maar die vlakke van bevrediging daal en daal terwyl die eise steeds toeneem. Dit is die vrug afkomstig van die towenares en haar vakleerling.

As ons dinge kon sien soos God dit sien en die hele bevolking van die menslike ras kon aanskou, deurdrenk met die gees van Eros, selfsugtig aan die soek na die dinge wat God vrylik gegee het as ‘n teken van Sy Agape liefde, sal ons dan Sy smart begin verstaan? Met ‘n verstand wat ongevoelig staan teenoor geestelike werklikhede, het hulle amper geen vermoë om te bespeur dat God bestaan nie. Slegs ‘n klein gloeiende kooltjie van die beloofde saad fluister met ‘n stil stem diep in die gewete dat al hierdie dinge vrylik geskenk was met ‘n hart vol Agape liefde.

Met elke herhaling van die tuin se Eros toneel dink die mens minder aan homself as ‘n ontvanger van liefde. Hoe meer hy neem vir homself,

hoe minder dankbaar is hy en hoe minder kan hy gee. Elke kringloop van Eros wat bekoring in teleurstelling verander, skep ‘n meer intense begeerte om te besit, om die teleurstelling te verskans. Ons sien dus die geboorte van verslawing; gekoppel aan ‘n proses wat saligheid belowe, maar wat jou leeg en depressief laat. Verslawing is die perfekte beeld van Eros wat totale beheer het van die siel.

In kontras hiermee is die eenvoudige beginsel van Agape as volg:

> ...Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee. Matt. 10:8

Dit is ‘n eenvoudige, tog kragtige beginsel. Hoe meer jy besef dat daar baie aan jou gegee is, hoe beter is die kans dat jy op dieselfde manier sal gee. Slegs hy wat weet dat hy geseën is, kan seën. Slegs hy wat lewe met dankbaarheid, kan werklik uit oorvloed en volheid gee. Soos die psalmis verklaar:

> U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. (6) Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae. Ps.23:5-6

Dankbaarheid veroorsaak dat die beker na ander oorloop en as hierdie proses aan die gang gesit is, sal dit uitkring en miljoene lewens raak. Dit was die ontwerp van die Agape enjin wat die gesinne van die aarde sou seën. Adam en Eva moes die eerste groot liefdespols wees wat met dankbaarheid gevul moes wees en wat met groot golwe moes uitvloei na hul kinders. Ongelukkig het die Eros enjin oorgeneem en die eens lewendige siel van die mens het ‘n woestyn geword van teleurgestelde begeerte om te besit.

Toe God oor die bevolking van die aarde gekyk het op soek na enigiemand wat reageer op die saad van Agape en alles verlore gelyk het, was daar ‘n man wat gereageer het.

> Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE. Gen. 6:8

Ek hou van die eenvoud van die vers. Noag, in sy oordenking van die wêreld, kyk deur geloof na anderkant die natuurlike wêreld tot in die oë van God en sien daar genade, goedheid en guns raak. Noag se hart is gevul met dankbaarheid. Die geheim tot vreugde is om te weet dat jy geseën is - geseën deur die Een wat op die troon van die heelal sit. Kan jy jou die vreugde van God voorstel! Na honderde jare van bykans geen reaksie op Sy vloedgolf van genade, flikker die vlammetjie van dankbaarheid in die hart van Noag. Die Gees van Christus woon in die hart van ‘n man, te midde van byna universele verwoesting. Die saad van Agape lewe in die mens. Die gevolg is dat God deur hom ‘n seën kan uitstort om die menslike ras te red van uitwissing wat veroorsaak is deur die Eros saad. Noag is ‘n tipe van die saad wat sou kom en deur wie die slang se kop vermorsel sou word.

Die besef dat God genadig is het Noag ‘n kanaal van seën gemaak aan dié wat reageer op sy boodskap. Deur die Agape van God te aanskou, word Noag ‘n agent van genade aan die wêreld. Die boodskap is eenvoudig. Die wêreld sou aan ‘n einde kom en as bewys dat hy God vertrou, moes hy ‘n groot skip bou in opdrag van God om voor te berei vir daardie gebeurtenis. Die wat Noag geglo het en voorberei het om in die ark te gaan, is gered. Diegene wat Noag verwerp het as ‘n idioot sou te laat besef dat hulle die enigste weg tot redding verwerp het.

Oor die eeue heen pleit die gees van God by die mens om die beginsels van Eros te verwerp en om te reageer op die beloofde saad van Agape wat aan diegene gegee is wat hul geloof bely in die Lam wat geslag is. Deur rebelse reaksie is die mens se verdorwenheid net vermeerder. Die aanhoudende verlaging van bevrediging veroorsaak dat hulle

seksuele ondervindings soek wat meer absurd en meer skokkend word met elke jaar wat verbygaan. Kinders word meer en meer die slagoffers van veragtelike wellus en erotiese beginsels wat natuurkragte probeer manipuleer om hulle begeertes te vervul. Dit lei tot menslike offerandes en die mees perverse seksualiteit ooit denkbaar.

Hoe lank sal die roepstem van klein kindertjies, wat voorberei word vir die plesiere en grille van losbandige en wrede mense, toegelaat word om voort te gaan? Wie kan die smart van God verstaan as Hy sulke gruwelike misdade aanskou? Dag na dag, jaar na jaar, eeu na eeu is daar aanhoudende strewe na persoonlike geluk, plesier en fantasieë sonder in agneming van die Een wat alles geskenk het. Dit moes gestop word. Selfs toe het God 'n uitweg aangebied as hulle dit maar sou kies.

Deur die prediking van Noag het God vir 120 jaar uitgereik na die gevalle mensdom met waarskuwings, pleidooie en oproepe, maar hulle was onbeweeglik. Nie eens die verbasende toneel van diere wat in geördende pare in die ark inbeweeg kon hulle raak nie. Hulle harte was ongeërg, onbekeerd en ongered.

Toe die eerste reën begin val, kom daar 'n aaklige gewaarwording by hulle dat hul lewens van growwe ondankbaarheid teenoor God dalk tot 'n einde kan kom. Terwyl die weerligte die aarde verlig met woede en die donderweer die aarde skud met geweld, onthou die mens die gesiggies van onskuld wat hulle verniel het in hulle wellus. Die aarde het letterlik hierdie gemors uitgewerp in 'n daad om afkering te wys. Die natuur het gekreun onder die boosheid van die mens en nou het die giftige saad van Eros sy volle beloning ontvang. Die mense het met veragting toegekyk hoe hulle huise weggespoel en hulle afgodsaltare opgebreek is in stukke. Angstige gille het deur die lug geklief en vloeke teenoor God was op die lippe van die skuldiges. Goddelike genade het verval en nou is die vloedgolf van boosheid en die verwoesting van onskuld meteens tot 'n halt gebring. Die mens het die saad van Eros in

die aarde gesaai en nou het die aarde self geboorte gegee aan hulle goddelossheid. Die geweld van die mens as nou na hulle teruggewerp in die geweld van die aarde. God was diep gegrief omdat Hy moes toelaat dat die mens die gevolge van sy eie keuse moes dra. Hulle het Hom weggedrywe en die vloed van die gevolg.

> Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het, (16) wat gegryp is voor die tyd, wie se grondslag uitgegiet is soos ‘n stroom, (17) wat tot God gesê het: Bly ver van ons af! en: Wat kan die Almagtige ons aandoen? (18) En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is. (Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!) Job 22:15 – 18

Deur die saad van die slang is alles wat God aan die mens wou gee, sodat hulle dit kon geniet om te deel daarin en om in die skadu van sy seën te lewe, weggeruk. Wie kon die smart van God verstaan wanneer daar oor hierdie dinge gedink word? Nogtans is agt siele gered deur die water. In die hart van Noag het die beloofde saad met hoop geflikker en die belofte ingehou van ‘n nuwe begin.

## 8. ‘n Geseënde man

Al het die vloed die aarde skoon gewas van al die bose dade van die mens wat beheer was deur eindelose begeertes om vir hulself te neem, het die Erossaad nog gekleef aan die menslike ras in die seuns van Noag. Gam het nie net sy vader se naaktheid gesien nie, maar ook iets aan sy vader probeer doen terwyl hy onder die invloed was. Toe soberheid teruggekeer het, het ook die herinnering aan ‘n bose daad wat plaasgevind het, teruggekeer. Die donker werke van die mense wat voor die vloed gelewe het, is voor die vloed deur Gam aanskou en dit het nuwe lewe in hom gevind en dit het ‘n nuwe golf van boosheid op die aarde losgelaat.

Deur Eros toe te laat om in hom sy onnatuurlike begeertes te vervul, is daar ‘n vloek oor homself en ook oor sy kinders geplaas.

> Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het, (25) sê hy: Vervloek is Kanaän! ‘n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. (26) Verder het hy gesê: Geseënd is die HERE, die God van Sem. Maar Kanaän moet sy dienskneg wees. Gen. 9:24-26

Hier sien ons ‘n sleutelbeginsel van verhoudings. Wanneer die mens dinge vir homself begeer wat veroorsaak dat hy respek verloor vir die een wat lewe aan hom gegee het, dan sal die vloek op hom rus. Wanneer die mens net soek om homself te behaag, dan leer hy sy kinders om ook te soek na wat hulle behaag en ignoreer hy die lewe en seën wat hy by sy ouers en by enigiemand in gesag ontvang het.

Die eersgeborene van Gam was Kus en die eersgeborene van Kus was Nimrod. Soos die vader begeer en geneem het wat nie aan hom behoort het nie, net so maak Nimrod ook. Deur sy begeerte, gebring deur die gebrek aan seën, te vervul, het hy weermagte van manne in die lewe geroep en begin om die naburige dorpies en gemeenskappe

te oorwin en sy eie koninkryk te stig. Gen 10:10, 11. Josephus vertel ons ‘n bietjie van Nimrod:

> “Dit was Nimrod wat hulle aangespoor het tot hierdie belediging en minagting van God. Hy was die kleinseun van Gam, die seun van Noag, ‘n dapper man en met groot mag in sy hande. Hy het hulle oortuig om dit [die mag] nie aan God toe te skryf nie; asof dit deur sy toedoen was dat hulle geluk smaak; maar om te glo dit was hulle eie waagmoed dat hierdie geluk verkry was. Geleidelik het hy ook die regering verander na ‘n alleenheerser aangesien hy geen ander manier kon vind om die mense van die vrees van die Here af te wend, maar om hulle eerder in voortdurende afhanklikheid van sy mag te plaas...” *Vry vertaal na Afrikaans uit: Josephus. Antiquities Book 1 Chapter 4 Para 2.*

Hier sien ons die natuurlike vooruitgang van Eros wat die mense lei om te soek na eie gewin:

1. Skryf mag aan jouself toe (Jy sal gewis nie sterwe nie)
   Glo dat geluk verkry word deur eie waagmoed (neem wat jy begeer vir jouself)
2. Koester die begeerte om oor alles te heers. (Jy sal soos God wees)

As jy hierdie kringloop eers in aanvang laat neem het, sal jy sekerlik teleurstelling en daarna afkering verkry by hulle van wie jy wou ontvang wat jy van hulle begeer. Wanneer ‘n mens probeer om lof en aanbidding te ontvang van ander mense sal daardie mense van nature hierdie pogings verafsku en die resultaat is oorlog.

Binne ‘n kort tydperk is die wêreld weereens binne die greep van die Eros kringloop geplaas en die begeerte om te besit en oor alles te heers. Terwyl die mens die waarheid verwerp dat alles wat hulle besit

van God af kom, soveel te meer voel hulle die vloek van selfsug in hul siele. Binne ‘n paar dekades het Nimrod vir homself sy eie ryk met ‘n weermag opgebou, ‘n godsdiens gegrond op seks en aanbidding van die natuur daar gestel en ‘n gemeenskap van mense opgerig wat God uit hulle gedagtes geplaas het.

Weereens was die wêreld vol mense wat gevul was met begeertes en ontledig van dankbaarheid. Feiltlik al die families van die aarde het gehandel volgens Eros-gebaseerde aantrekking en afkering, eerder as op Agape-gebaseerde dankbaarheid en eer vir die wat lewe gee. Weereens het die mense se gedagtes gedraai om kos, seks, mag en oorlog in ‘n desperate poging om sy eie goddelikheid te vind. Die verhaal van Gam en Nimrod leer ons hoe diktatorskap kan groei van een selfsugtige daad na weermagte in oorlog gehul, wat vernietig, doodmaak en families verniel.

Die oë van die Here het die ganse aarde deurloop op soek na iemand wat in sy hart gewillig was om te glo dat hy geseën is; ‘n man wie se siel gegeur is met dankbaarheid en wie die hoeksteen kon word van ‘n nuwe Agape enjin vir die wêreld. As God so iemand kon vind wat gekies het om te glo dat hy geseën is, kon Hy hom seën sonder vrees dat hierdie seën sy hart sal afwend van die Gewer. In die hartjie van Nimrod se ryk is so ‘n man gevind. Hy was soos ‘n teer loot in die verwoesting van begeerte rondom hom. Hierdie man was Abram. Abram was steeds beïnvloed deur die kultuur van Eros, maar sy hart was teer genoeg om te leer om die God wat alles gemaak het, lief te kry en om Sy vriend te word.

> En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. (2) En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. (3) En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en

> in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. Gen. 12:1-3

Let op dat God sê dat Hy Abram sal seën en dat hy dan 'n seën vir die nasies sal word. Slegs 'n geseënde man kan 'n seën wees vir sy familie en vir die gemeenskap. God sou Abram groot maak, nie vir sy eie plesier nie, maar sodat hy al die families van die aarde kan seën. Nogtans was hierdie transaksie nie so eenvoudig as wat dit klink nie. Die saad van Eros wat van Adam geërf was, het veroorsaak dat Abram moes stry teen die idee dat goeie dinge kom net na die wat daarna soek en wat moeite doen om dit in besit te neem. Toe God gesê het dat hy Abram sou seën, was daar net een voorwaarde – verlaat jou land, jou kultuur vol afgodsaanbidding – verlaat dit en wandel met My. Om 'n magtige nasie te word kan tog nie so eenvoudig wees nie! Sekerlik nie! Om al jou kontakte agter te laat en die mense wat jou kan verhef, en om te gaan woon in die bos waar net 'n paar mensies is met eienaardige gewoontes en praktyke. Dit klink nie na 'n wyse opsie om 'n groot en magtige nasie te word nie.

Abram was gehoorsaam aan die opdrag en het sy bekende omgewing verlaat. Hy het 'n weg gekies wat gelyk het na die teenoorgestelde as om 'n groot nasie te word. Weereens het God sy belofte aan Abram bevestig;

> Daarop verskyn die HERE aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Toe bou hy daar 'n altaar vir die HERE wat aan hom verskyn het. Gen. 12:7

Abram het 'n hele reeks uitdagings in die gesig gestaar, maar nie een was so groot soos die uitdaging dat hy geen seun gehad het nie. Indien Abram 'n groot nasie moes word, moes hy ten minste een seun gehad het. Sal hy aanhou glo of sal hy kies om self iets daaromtrent te doen? Glo hy die Een wat die Beloftes maak, of maak hy self die belofte

waar? Een aand, terwyl hy hierdie dinge oordink het, het God na hom gekom:

> Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. (4) Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. (5) Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. (6) En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Gen. 15:3-6

Hier is die eenvoudige geheim tot geregtigheid: Glo wat God sê en dat Hy jou sal seën. Glo dat jy 'n geseënde persoon is. Dit is al! En waarmee het God elkeen van ons geseën?

> Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Rom. 8:32

As God ons sy Seun gegee het, kan ons met vrymoedigheid glo dat Hy ons vryelik alle dinge sal gee. Ons moet Hom net glo. Dit is presies wat Abram gedoen het.

> En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtig-heid gereken. Gen. 15:6

Dit is die geheim tot vreugde in enige verhouding. Dit is die vonk wat die Agape liefde ontbrand in die siel: Glo dat God jou alles wat Hy belowe het sal gee en glo dat Hy die Een is wat jou alles gee wat jy reeds het. Wanneer jy dit doen, sal jy, soos Abram, 'n geseënde mens

word en ‘n geseënde mens sal oorvloei met die begeerte om te gee soos wat aan hom gegee is.

Hierdie is die geheim van voortdurende geluk binne die huwelik. Rig jou gedagtes op alles wat aan jou gegee is en jy sal die begeerte hê om te gee. Rig jou gedagtes op alles wat jy behoort te ontvang, en jy sal neem om te kan ontvang. Behandel jou eggenoot jou nie soos jy verdien nie? Behandel hom/haar dan soos jy verdien! Is daar niks om voor dankbaar te wees nie? Het God jou nie gevoed en geklee en skuiling voorsien nie? Het Hy nie ‘n duisend rose laat oopgaan vir jou en die sonlig laat dans in die water nie? Het Hy nie die lug ‘n buitengewone goue kleur geverf as die son ondergaan nie? Kan jy werklikwaar sê jy is nie geseën nie?

Natuurlik word hierdie proses baie bemoeilik as een eggenoot kies om selfsugtig en dominerend te wees. Deur vas te hou aan die lig wat God gegee het mag dit wees dat daar nog dinge is wat onduidelik is, met hartseer gevolge**,** maar as ons ophou om iets te vind waarvoor ons dankbaar kan wees, word ons soos die ander eggenoot, vervul met selfsugtige droefheid en selfbejammering.

Gam en Nimrod was vervloek omdat die begeerte om te neem en te besit, bloot net om geluk te vind, altyd sal lei tot teleurstelling. Wanneer ons neem om te besit, is ons die seuns van vervloektes en sal ons ander vervloek. Abram was ‘n geseënde man. As ons kinders van Abram is dan moet ons glo dat ons kinders van ‘n geseënde man is.

En as ons kinders van ‘n geseënde man is, dan is ons werklikwaar geseën.

En hy wat geseën is, sal seën.

Julle het dit verniet ontvang; verniet moet julle dit gee.

# Oorspronklike Liefde

## ‘n Bybelse Liefdesverhaal

**As ons ‘n God aanbid wat liefhet as gevolg van inherente eienskappe, sal ons dieselde doen.**

**Ons word soos dié wat ons aanskou. As ons die Seun aanbid aan Wie alle dinge gegee is en wat rus in die versekering van sy Vader se soete welwillende *Agape* liefde, kan ons verander word na die beeld van hierdie liefde en kan ons liefhê soos God die Seun liefhet.**

**Ons God is *Agape* en in Hom is glad geen *Eros* liefde te bespeur nie.**

